menlo-insig
9/2024

## LIEWE MENLO

Die sanger, Jannie du Toit, sing jare gelede die liedjie, Eenvoud, met die volgende woorde as klem: "Eenvoud is die vreugde van die lewe. Dis gee en neem net wat daar is. Dis dankbaar eet van elke skewe snytjie brood wat liefde is."

Tog is dit asof ons, as mensdom, al hoe meer sukkel om hierdie eenvoudige konsep te verstaan. Dieselfde boodskap wat ons in Johannes 15:16 lees: "Julle het My nie gekies nie. Dit was Ek wat julle gekies het. Ja, julle moet 'n PERMANENTE verskil in hierdie wêreld gaan maak. Onthou wat die VERSKIL maak – julle moet MEKAAR LIEFHê."

Hierdie liefde word in praktyk getoets in die alledaagse, klein en eenvoudige dinge. Hoe reageer ek in die besige verkeer? Hoe hanteer ek die honger, desperate mens op straat? Hoe groet ek in die oggend my gesin of my kollegas? Hoe reageer ek langs die sportveld, of as my kind nie presteer soos ek gedink het hy/sy moet nie?

Hoe tree ek op as ek dink niemand kyk nie en wat is my ingesteldheid en waardering rakende die eenvoudige dinge in die lewe?

Liefde is 'n tweesnydende swaard. Kyk net wat die Ierse kindersielkundige, Stella O' Malley, skryf: "Te veel empatie (sonder teregwysing) kan toksies wees." Sy noem verder dat mense "verslaaf" raak aan empatie en aanstoot neem wanneer daar in opregtheid, ook soms deur 'n vriend of kollega, tereggewys word. Voorts noem Stella dat die moderne samelewing nie meer vir opbouende kritiek of eerlike vrae te vinde is nie. Hierdie ingesteldheid spoel noodwendig van ons ouers na ons kinders oor en dit, volgens O' Malley, kan tot toksiese samelewings lei.

Waar ek, as pa (ouer), die voorreg het om drie seuns te mag grootmaak, probeer ek myself daagliks daaraan herinner – wees lief vir jou kinders, gee hulle ruimte, verleen empatie (wanneer nodig), maar wees ook eerlik (wys tereg) wanneer nodig. Ek sluit hierdie belangrike punt af met 'n stelling wat Roedolf Botha (E-kerk, My Wêreld – 9 April 2024) maak: "Nee, ek praat van liefdevolle, wyse, sensitiewe lewenswaarheid wat gedeel word, wanneer dít is wat iemand moet hoor. Mense het áltyd liefde nodig. Liefde behels egter méér as empatie. Dit behels ook teregwysing."

Vandag bedank ek graag die Menlo-gemeenskap (ouers, leerders en personeel) vir die afgelope twee weke! Baie dankie vir die vele boodskappe, oproepe en gesprekke (ter ondersteuning). Dankie vir julle *absolut* oop gemoedere, oop harte en oop hande! Ons Hartman-gesin voel geseënd om deel te mag raak van hierdie pragtige Menlo-gemeenskap!

Mag ons seisoen saam 'n pragtige een wees – 'n seisoen waarin ons saamgroei en mekaar met liefde en empatie, maar ook met eerlikheid, hanteer.

Excelsa Petamus.
Streef die hoogste na!

KOBUS HARTMAN





# DAGBOEK

**12/4**
Ouers ontvang e-rapporte
Dogtershokkie: C-spanne
Akademie: Skryfklub
(Personeelkamer, 13:00 – 15:00)

**13/4**
Perdesport: Liga 3 tot 14/4
Hokkie, Netbal & Rugby: Nelspruit (weg)

**14/4**
Koor: Legato-koorfees

**16/4**
Akademie: Oueraand (17:30 – 18:30)

**17/4**
Netbal: Montana (weg)

**18/4**
Atletiek: ASA SA Senior Kampioenskap

** Wiskunde: Ekstra klas
Raadpleeg asseblief die **webblad** vir die graad 8's se rooster.




# ALGEMEEN

## Welkom in die hart van Menlo!

3 April 2024 is 'n belangrike dag in Menlo se verhaal, want dit is die dag waarop ons nuwe hoof, mnr. Kobus Hartman, op Menlo-bodem gearriveer het en ingehuldig is. Met Bolandse gemoedelikheid en Laeveldse hartlikheid het mnr. Hartman die skool toegespreek en sommer op die koop toe 'n paar geskenke en pêrels van wysheid met die Parkies gedeel.



Die Parkies is met die intrapslag aangespoor om hulle innerlike Einsteins te ontdek, nie vir uitdagings terug te deins nie en altyd hulle beste te lewer. Spekbome – daar is nog nie konsensus oor die uitspraak van hierdie woord nie – is as metafoor vir verandering, aanpasbaarheid en kameraderie ingespan en elkeen van die hoofleiers het 'n spekboomsteggie ontvang. Daarmee saam is die opdrag aan die hoofleiers gegee om 'n boompie te kweek en op Menlo-bodem te plant. Die reis wat die steggies van die Paarl tot Pretoria afgelê het, is bewys van die besondere plant se kanniedoodhouding. Die Menlo-gemeenskap verwelkom mnr. Hartman, sy vrou, Jonél, en drie seuns, Jovan, Arno en Ignus, in ons midde en hoop dat hulle, nes die spekboom, gemaklik in hulle nuwe omgewing sal wortelskiet.

Dr. James Kirkpatrick, 'n getroue Menlo-vriend, het mnr. Hartman en die skool met 'n aangrypende boodskap geïnspireer waarna die koor vir hoendervleisoomblikke met die uitvoering van 'n uitsonderlike Afrikawerk gesorg het. Uit onderwyskringe het mnr. Billy Kgomo van die departement mnr. Hartman aangespoor om die skool tot nuwe hoogtes te lei. Ria Gololo se solo was die perfekte inleiding tot mnr. Hartman se eerste Tiho en na dese is daar geen twyfel meer nie: Mnr. Kobus Hartman se bloed is Menlo-blou!

# AKADEMIE

## Menlo-spellers – absolut superbe!

Terwyl die meeste Parkies aan die einde van verlede kwartaal vir die vakansie gereedgemaak het, het Anje Verwaard (graad 11) en Lauren Malan (graad 10) hulle Franse woordeskat opgeskerp. Dié twee veeltalige Parkies het vir die nasionale finaal van die Franse Spelling Bee wat op 17 Maart plaasgevind het, opgewarm. Dis geen grap om aan hierdie kompetisie deel te neem nie en deelnemers moes hulle ABC's behoorlik ken. In ware Olimpiese tradisie het deelnemers van oraloor byeengekom om te bepaal wie die paal sal haal; selfs deelnemers van Lesotho het 'n draai by die kompetisie gemaak.

Die stryd wat vanjaar 'n Olimpiese tema gehad het, is oor drie rondes beslis. Tydens die eerste ronde moes leerders soveel as moontlik woorde in een minuut spel. Die lys met woorde is darem vooraf bestudeer. In ronde twee was daar net een kans om 'n onbekende (lees: moeilike) woord te spel. Tydens die laaste ronde het leerders – gelukkig nou al goed opgewarm – 90 sekondes gehad om vyftien woorde te spel. Die Insig se Franse woordeskat is tot *je'taime* en *Le Mans* beperk en het daarom groot bewondering vir Anje, Lauren en Madame Nel wat hulle in die volksvreemde taal touwys maak.




Die meeste deelnemers het die kompetisie druipstert verlaat, maar Anje het vierde geëindig en Lauren vyfde.

Hartlik geluk. Menlo-Frans is fantastique.

## Menlo-syferkrygers gereed vir Ronde 2!

14 Maart behoort aan Wiskunde. Die rede? Dit is Pidag én die dag waarop 120 van Menlo se syferslimmes hulle staal in die eerste ronde van die SAMO-Wiskundeolimpiade gewys het. Spykerskoene, tekkies, toks en stokke is tydelik vir potlode en uitveërs verruil en na slegs sestig minute het 61 Parkies na die tweede ronde deurgedring. Die Insig wens hulle alles van die beste vir die tweede ronde wat op 9 Mei plaasvind toe. Baie dankie aan mnr. Willem Botha wat as organiseerder en skeidsregter in die Stryd van die Syfers opgetree het.

Die volgende leerders dring na die tweede ronde deur:

### Graad 8

Mia Booysen, Kylie Botha, Divan Heyl, Chay Karsten, Janel Meijer, Ruan Nieuwenhuys & Libby Pienaar.

### Graad 9

Leila Arnoldi, Juliet Botha, Adri de Beer, Liané de Wet, Annerike Heynecke, Charlotte Jansen van Rensburg, Talia Jonker, Alexis Niemann, Alexi Olivier, Jan-Willem Pienaar, Cara Schulz, Carli Schutte, Ethan Steenkamp, Mieke Verwaard & Milan Visser.

### Graad 10

Wynand Botha, Daniël Palmer, Caitlin Read, Erik Senekal, Skye Smit, Xander Smith, Le Roux van Wyk, Marco Visser & Luan Visser.

### Graad 11

Wilna Beetge, Selmé Beetge, Andries Beyers, Juvan Botha, Lani Briel, Melandri de Beer, Nadine Gie, Shane Grant, Elsjé Groenewald, Ininke Human, Imme Kromhout, David Kunzmann, Gerhard Mahne, Jesse Pretorius, Jasper Smit, Mikayla Smit, Natanya Steenkamp, Ruben Swanevelder & Sebastian Swart.

### Graad 12

Lize Booysen, Hayley Booysen, Carli Dicks, Juan le Roux, Keila Manthe, Daniël Pienaar, Ruben van Biljon, Lelize van der Walt & Thomas Zaaiman.



# AKADEMIE

## Deutsches Camp - prima!

Die graadtien Duitsleerders het die naweek van 5 April by die pragtige Joy Unspeakable-kampterrein by Roodeplaatdam saam met die Duitsleerders van ons buurskole gekamp. Op hierdie kamp was die gemene deler slegs Duits en daarom moes leerders van verskillende skole vir 'n slag saamwerk, in plaas van kompeteer, soos gewoonlik die geval is.

Die fokuspunt van die kamp was die Duitse uitruilprogram en leerders wat laasjaar uitgeruil het, kon hulle wedervaringe deel en al die moets, moenies en moet asseblief nies is met heerlike humor bespreek. 'n Vasvrakompetisie het vir groot pret gesorg, terwyl die skattejag leerders herwaarts en derwaarts oor die kampterrein gestuur het. Die hoogtepunt was egter die "Duitse" potjiekoskompetisie waar spanne met name soos "Die Eisenköche" (Die Ysterkokke) en "Die Waldköche" (Die Woudkokke) moes bontstaan met "Kartoffeln" en "Karotten" wat geskil en gaargemaak moes word. Elke span het ook sy eie unieke kreet geskep om die beoordelaars verder te beïndruk. Wat die uitdaging selfs meer uitdagend gemaak het, was die gietende reën.



Een en elke kampeerder kon sy / haar status as "klatschnass" (papsopwaternat) beskryf. Unieke maniere van pynappelskil en spanspekslag het die onderwysers laat vermoed dat sommige leerders dink dat hierdie vrugte slegs in verpakte weergawes groei. Nie net die wenspan is beloon nie, maar al die deelnemers het met pryse soos serpe, boeke, Duitse sjokolade, plakkate, T-hemde, bekers of musiek weggestap.

Om aan die Duitse uitruilprogram deel te neem, verg heelwat waagmoed en diegene wat kans sien om Duits te neem en die Duitse Grammatika-draak te tem, is dus ideale uitvoerprodukte.

Menlo-Duitsleerders is 'n spesie op hulle eie en het met hul kreatiwiteit, oorspronklikheid en spontaneïteit weereens die koppe laat draai en ons absoluut trots gemaak.

## Eendag, lank gelede...

... was daar 'n hittegolf op Menlobodem, het die vakansie nog voorgelê en is die Skryfklub se eerste ontmoeting pas afgehandel. Hierdie uitgelese klub is gestig om kreatiewe denke en 'n liefde vir skryf te bevorder – 'n haas onbegonne taak sonder versnaperinge vir innerlike versterking. Die ontmoeting is derhalwe met samesyn en 'n heerlike staphappie afgeskop. Wat daarna gebeur het – die Skryfklub noem dit skryfroulette – herinner aan 'n toneel uit iets tussen 007 en Sense and Sensibility.

Elke skrywer het 'n karakter of twee uitgedink, 'n milieu waar 'n storie kon afspeel asook moontlike temas. Die intrige het egter 'n vreemde wending geneem toe die karakters, plekke en temas in 'n hoed geskommel is waarna die skrywers uitgedaag is om die karakters, milieu en tema in slegs 20 minute in 'n fassinerende verhaal te omskep. Wat by die Skryfklub gesê word, bly net daar. Die Insig is wel toegelaat om te berig dat die Parkies uitsonderlik kreatief is.





Me. Mia-Louise Nel verdien 'n pluimpie vir haar kreatiwiteit en ons sien saam met die Skryfklub na hulle tweede ontmoeting uit.

# KULTUUR

## Sê nou bly 'n lekker sê



Menlo se voorste praters het hulle sê aan die einde van verlede kwartaal by die Van Huyssteens Oratorsfees gesê. Honderde redenaars van skole reg oor Pretoria en Centurion het vir die onvoorbereide redenaarskompetisie, waar redenaars in spanne óf individueel kan inskryf, aangetree. Wat die kompetisie selfs meer uniek maak, is die feit dat redenaars hulle sê in een van drie afdelings kan sê: Afrikaans, English of Tweetalig.

Die Menlo-span het die volgende woordwisselaars ingesluit:

10 Afrikaansspanne (40 deelnemers); 5 Engelsspanne (20 deelnemers); 8 Tweetalige spanne (32 deelnemers); Individuele sprekers: 30.

Baie geluk aan die Parkies wat na die finaal deurgedring het, asook aan die Afrikaans- en English-onderwysers wat die redenaars onder hulle vlerk geneem het.

**Afrikaans: Individueel**
Le Roux van Wyk (gr. 10), Simoné Spies (gr. 9), Erik Senekal (gr. 10) & Danielle Muller (gr. 11).

**Afrikaans: Span**
Graad 10's: Loané Prinsloo, Mia de Waal, Milé Swanepoel & Zanté Uys.

**English: Individual**
Luan Visser (gr. 10) & Le Roux van Wyk (gr. 10).

**English: Teams**
Grade 12: Ruben van Biljon, Marike Louw, Ronald Khunou & Anja Naudé.

**Tweetalig: Individueel**
Rian Knoesen (gr. 10).

**Algehele wenners:**
Danielle Muller, Rian Knoesen & Le Roux van Wyk.

# ALGEMEEN






# ALGEMEEN

## Eerstespanne word ge*rok* en ge*trui*






Die hoogste eer wat 'n Parkie-sportman of -vrou op Menlo-bodem te beurt kan val, is om vir 'n eerstespan uit te draf. Drome begin dikwels op die sportveld en alhoewel die skool saam met elke eerstespanspeler trots is op sy/haar prestasie verteenwoordig ons eerstespanne al die Menloparkers wat die skool se eer vanjaar op die baan en veld sal verdedig.

Dit was vir die Parkies 'n voorreg om die Springbokrugbyspeler, Canan Moodie, vandeesweek by die skool te verwelkom om die eerstes se klere te oorhandig. Canan se droom om sukses te behaal, het ook op die sportveld begin en daarom is Menlo trots op hierdie talentvolle speler wat talle uitdagings die hoof gebied het om die hoogste rugbysport te behaal.

Die Insig wens ons wintersportspanne alles van die beste toe en weet dat hulle hulleself met integriteit, lojaliteit, respek en ywer op die sportveld sal handhaaf. Let the games begin! #OnsBloedIsBlou






# SPORT

## Vakansienuus van heinde en verre

Van atletiek tot swem met rugby, gholf, hokkie, netbal en perdry tussenin – dit is wat 'n Aprilvakansie op Menlobodem behels. Die klok het skaars die begin van die vakansie ingelui of die fluitjies het geblaas. Die Parkies was reg oor Suid-Afrika in aksie en die Insig berig graag kortliks oor die prestasies wat die Parkies gedurende die vakansie behaal het. Baie dankie aan die afrigters en organiseerders wat by die verskillende sportsoorte betrokke was.

# RUGBY

### Toernooie

* O. 14A: Kwaggaweek (Hoërskool Outeniqua)
* O. 14B: Kwaggaweek (Hoërskool Outeniqua)
* O. 15A: Kwaggaweek (Hoërskool Outeniqua)
* O. 15B: Hansieweek (Hoërskool Hans Strijdom)
* O. 16A: Jean de Villiers Rugbyfees (Paarl Gim)
* O. 16B: Hansieweek (Hoërskool Hans Strijdom)
* O. 19A: Noord Suid Rugbytoernooi (AHS)
* O. 19B: Noord Suid Rugbytoernooi (AHS)
* O. 19C: Hansieweek (Hoërskool Hans Strijdom)



## Rugbyhoogtepunte

* O. 14B behaal 'n uitstekende oorwinning oor Hoërskool Punt.
* O. 15A speel drie wedstryde en behaal twee puik oorwinnings.
* O. 15B lewer puik spel teen Hoërskool Linden vir 'n welverdiende oorwinning.
* O. 16A lewer kompeterende spel en behaal 'n naelbytoorwinning oor Hoër Landbouskool Oakdale.
* O. 19A behaal 'n wegholoorwinning oor Hoërskool Duineveld.
* O. 19B is ook aan die wenkant teen Hoërskool Duineveld.
* O. 19C behaal 'n tweekuns by die Hansieweek en behaal gemaklike oorwinnings oor Hoërskool Hans Strijdom en Hoërskool Linden.

# NETBAL

### Is dit die Olimpiese Spele? Nee, dis die Menlo-netbaltoernooi!

Die Insig was weliswaar nog nooit by 'n Olimpiese Spele nie, maar die gebeure wat homself gedurende die vakansie op Menlo-bodem afgespeel het, herinner inderdaad aan die wêreld se grootste sportskouspel. 'n Vyfster spelersdorp het op die rugbyveld verrys, radiogolwe het oor die Menlo-bodem weergalm, die Kaf het in 'n Michelinster-restaurant ontaard en die tennisbane is spesiaal vir die geleentheid in netbalbane omtower. Na aanleiding van die sukses wat die grootste skolenetbaltoernooi in Suid-Afrika in 2022 en 2023 behaal het, het swaargewigte in die sakewêreld soos Toyota en Spar die geleentheid om waarde tot die toernooi te voeg, aangegryp.

Maande se beplanning, organisasie en selfs 'n bietjie stres was alles die moeite werd toe die Toyota Menlo-netbaltoernooi op 20 Maart afgeskop het. Die hoër- en laerskoolbene van die toernooi het in die verlede gelyktydig plaasgevind, maar daar is vanjaar besluit om eers die hoërskooltoernooi af te handel waarna die Menlo-bodem 124 laerskoolspanne verwelkom het.

Die Parkie-spanne het hulle uitstekend van hulle taak gekwyt: Menlo was altesaam in 77 wedstryde in aksie en het die septer in 49 geswaai, terwyl daar vier gelykopuitslae was.

Vir die eerstespan was die Menlo-toernooi waardevolle opwarming vir die Paarl Gim-toer. Die skole wat daar met Menlo-netbal kennis gemaak het, wonder steeds of hulle deur die suidooster, of puik spel van die baan gevee is.

Baie geluk aan die eerstes wat die toernooi onoorwonne afgesluit het.



### Toernooie

* O. 14A en B, o. 15A en B, o. 16A en B, o. 17 en o. 19A en B neem aan die Menlo-toernooi deel.
* O. 19A neem aan die Paarl Gim-toernooi deel.

### Hoogtepunte

Geniet die volgende interessante toernooistatistiek:

* 4 dae van onophoudelike hoërskoolnetbal-aksie.
* 4 dae van opwindende laerskoolnetbal-aksie.
* 53 skole neem aan elke toernooi deel.
* 68 rondes is in elke toernooi beslis.
* 124 spanne neem aan elke toernooi deel.
* In totaal is daar 1 360 wedstryde gespeel – die grootste skolenetbaltoernooi in die land!
* Altesaam 2 158 spelers neem deel.
* Dit alles op Menlo-bodem!

**Baie dankie**

- Mee. Eleanor du Toit en Nataly Swart (organisatoriese reëlings). Onmisbare ouers asook afrigters en beamptes wat van vroegoggend tot laataand diens gedoen het:
- Lou-Maré Auret, Shana Scott, Cara Weyers, Marthie vd Merwe, Lourene Bester, Manny Ferreira, Johan Roets en Anneke Dreyer (vier dae).
- Chantal Griessel, Almarie Fourie, Chanel Vrey, Isandri Liversage, Charné Barnard, Fransie Roberts en Madelein Zaayman (agt dae).
- Madéle Zaayman, Izelle Vosloo en Like Whitehead.
- Mnr. Beyers van Schoor (Provantage), me. Retha Ingenbleek (Spar), mnr. Bertie Lombaard (Rawson), mnre. Kobus Bresler en Werner van Heerden (Gilbert) en me. Yolandi Nortje (Xco).

# HOKKIE



**Dogtershokkie**

## Toernooie

O. 14A: Roedean Festival

O. 14B: Hoco Cup

O. 15A: Menlo-toernooi

O. 16A: St Mary's Kloof Tournament

O. 18A: St Stithian's Festival & St Mary's Waverly Tournament

O. 18B: Eldoraigne Festival

## Hoogtepunte

* Lishe du Plessis (o. 14A) is as Doelwagter van die Toernooi aangewys.
* Kaylee Vermeulen (o. 15A) is as Speler van die Toernooi aangewys.
* Katelynn Blokpoel (o. 16A) is as Speler van die Toernooi aangewys.
* Die o. 18A-span is sewende uit 32 spanne by die St Mary's Waverly-toernooi.
* Inge Schoeman (o. 18B) is as Speler van die Toernooi aangewys.
* Die o. 18B-span behaal die tweede plek by die Eldoraigne Festival.
* Die o. 16A-span wen die St Mary's Kloof Toernooi.

**Seunshokkie**

## Toernooie

* O. 14A: Coastal Cup
* O. 14B: Hoco Cup
* O. 16A: Coastal Cup & Rondebosch Toernooi
* O. 18A: Coastal Cup & St Stithian's Festival
* O. 18B: Eldoraigne Festival

## Hoogtepunte

* Die o. 18A-span behaal die derde plek (Coastal Cup).
* Die o. 14A's lewer puik spel teen Glenwood vir 'n gelykopuitslag van 4-4.
* Die o. 18B-span vaar uitstekend by die Eldoraigne Festival en klop Pietersburg 5-0.
* Die o. 14B's behaal 'n wegholoorwinning oor Zwartkop (5-1).
* Die o. 18A's wen Glenwood 5-1.
* Die o. 16A-span lewer goeie spel om Wynberg 5-0 te wen en Rondebosch 4-0.

# ATLETIEK

## Parkies keer met ryk medalje-oes van SA's terug

Menlo se atlete het hulle staal gedurende die vakansie by twee nasionale kampioenskappe gewys en uitstekende uitslae behaal. Baie geluk aan ons talentvolle atlete en toegewyde afrigters onder leiding van me. Lelanie van Wyk en mnr. JJ Smith asook mnr. Rikus Botha wat die atlete vergesel het.






### Byeenkoms: ASA SA Kampioenskap

#### Hoogtepunte

Goue medaljes

Alicia Khunou (Gewigstoot en Diskus), Nicolas Nieman (Verspring), Werner Bezuidenhout (110 m-hekkies), Megan Nieman (90 m-hekkies), Rachel Schwulst (800 m), Liné de Villiers (800 m) & Chirsté Loedolff (Diskus).

Silwer medaljes

Taelyn Smith (Hoogspring), Joshua Gerber (Diskus), Aidan Erasmus (Diskus), Zanta Lourens (1 500 m-hindernis) & Jaco van Dyk (Gewigstoot).

Brons medaljes

Aidan Erasmus (Gewigstoot), Janelle Kirkpatrick (90 m-hekkies), Llewellyn van Heerden (400 m), Liné de Villiers (400 m), Colene Scheepers (400 m) en Ané Pretorius (200 m).

Vierde plekke

Leskin Samuels (Hoogspring) en Megan Nieman (300 m-hekkies).

Vyfde plekke

Werner Bezuidenhout (100 m), Erik Senekal (Diskus), Cellonika vd Berg (Gewigstoot), Ashlynn Nel (Gewigstoot), Janelle Kirkpatrick (300 m-hekkies) en Joshua Gerber (Gewigstoot).

Sesde plekke

Ruvé van der Ende (400 m), Mart-Marie Jordaan (5 000 m), Johann Roelofse (3 000 m) en Rolandt Grosskopf (200 m).

Sewende plekke

Kaitlyn van Rooyen (1 500 m), Jackie Coertze (5 000 m), Gizelle Smith (Gewigstoot), Teneal Craven (Paalspring), Anneke Steynberg (1 500 m-hindernis), Merlé Janse van Rensburg (Diskus) & Colene Scheepers (200 m).

Agtste plekke

Annerike Heyneke (400 m) & Jaco van Dyk (Diskus).

Negende plekke

Johann Roelofse (5 000 m), Kaitlyn van Rooyen (3 000 m) & Ewan Lourens (2 000 m-hindernis).

Tiende plekke

Danielle Fourie (Diskus) & Leon Stoltz (2 000 m-hindernis).

SA Rekords: Megan Nieman (90 m-hekkies, o. 16, 12.44 sek.) & Joshua Gerber (Diskus, o. 16, 69,40 m).

### Byeenkoms: SA Hoërskolekampioenskap (Paarl)

#### Hoogtepunte

Goue medaljes

Joshua Gerber (Diskus), Alicia Khunou (Diskus en Gewigstoot), Megan Nieman (90 m-hekkies en 300 m-hekkies).

Brons medaljes

Zanta Lourens (1 500 m-hindernis) en Ronald Khunou (Diskus).

Vyfde plekke

Joshua Gerber (Gewigstoot), Johann Roelofse (5 000 m) en Ewan Lourens (2 000 m-hindernis).

Tiende plek

Gizelle Smith (Gewigstoot).

# SWEM

## Swem! Parkies, swem!

### SA Level 2 Regional Age Group Championships (Germiston)

Jeanine Botes (Ouderdomsgroep: 14 jaar)
Medley-aflos (4 x 50 m): 5de; Gemengde vryslagaflos (4 x 50 m): 3de; 200 m-rugslag: 10de; Vryslagaflos (4 x 50 m): 4de; Gemengde medley-aflos (4 x 50 m): 2de.

Marlouise Keet (Ouderdomsgroep: 16 jaar)
200 m-rugslag: 1ste; 100 m-rugslag: 1ste; 50 m-rugslag: 1ste; 200 m-vryslag: 1ste; 100 m-vryslag: 1ste; 50 m-vryslag: 3de; 50 m-vlinderslag: 2de; 200 m-wisselslag: 1ste.

### SA Level 3 Regional Age Group Championships (Germiston)

Christiaan Bornman (Ouderdomsgroep: 14 jaar)
400 m-vryslag: 4de; Vryslagaflos (4 x 50 m): 5de.

Michal du Toit (Ouderdomsgroep: 17 – 19 jaar)
100 m-vryslag: 1ste; 100 m-borsslag: 1ste; Vryslagaflos (4x100 m): 1ste; 200 m-vryslag: 2de; 50 m-borsslag: 3de; Gemengde wisselslagaflos (4 x 50 m): 3de; 200 m-borsslag: 1ste; Wisselslagaflos (4 x 50 m): 1ste; Vryslagaflos (4 x 100 m): 2de.

Kayla Kleynhans (Ouderdom: 14 jaar)
400 m-vryslag: 11de; 200 m-rugslag: 7de; 200 m-wisselslag: 6de.

Keadan McDonald (Ouderdom: 15 jaar)
100 m-borsslag: 1ste; 100 m-vlinderslag: 2de; 50 m-borsslag: 4de; 200 m-wisselslag: 1ste; 200 m-borsslag: 1ste; 50 m-vlinderslag: 3de; Wisselslagaflos (4 x 50 m; 13 – 15 jaar): 1ste; Vryslagaflos (4 x 100 m; 13 – 15 jaar): 1ste.

Ruan Nieman (Ouderdomsgroep: 14 jaar)
100 m-borsslag: 9de.

Christiaan van der Walt (Ouderdomsgroep: 14 jaar)
100 m-rugslag: 6de; 50 m-vlinderslag: 6de; Wisselslagaflos (4 x 50 m; 13 – 15 jaar): 5de.

Elizabeth Viljoen (Ouderdom: 15 jaar)
100 m-vryslag: 2de; 100 m-rugslag: 9de; 100 m-borsslag: 7de; 50 m-borsslag: 2de; 50 m-vryslag: 7de; 50 m-rugslag: 5de; 50 m-vlinderslag: 5de.

Anje van Papendorp (Ouderdomsgroep: 17 – 19 jaar)
100 m-borsslag: 8ste; 50 m-borsslag: 7de; 200 m-borsslag: 3de.

### SA National Junior Age Group Championships (Durban)

Deelname: Danielle Bam en Jayden Ciampi (gr. 8)

Genna Cloete (Ouderdom: 17 – 19 jaar)
200 m-vryslag: 5de; 100 m-vryslag: 4de; 50 m-vryslag: 9de.

Joshua Muller (Ouderdom: 14 jaar)
50 m-borsslag: 1ste; 100 m-borsslag: 1ste; 200 m-borsslag: 1ste.

Clarisé van Niekerk (Ouderdom: 14 jaar)
50 m-borsslag: 10de; 100 m-borsslag: 8ste; 200 m-borsslag: 5de.

### SA Oopwaterkampioenskap


| | |
|---|---|
| Kayla Kleynhans (14 – 15 jaar) | 5 km: 23ste |
| Keila Manthe (17 – 18 jaar) | 5 km: 3de & 3 km: 1ste |
| Christiaan Bornman (14 – 16 jaar) | 5 km: 27ste |
| Jayden Ciampi (14 – 16 jaar) | 3 km: 44ste |



























## Menlo-ruiters presteer by kernliga

Daar word lankal vermoed dat Menlo se ruiters in 'n ander klas is, maar dit is nou bevestig. Ruitersport by Menlo is 'n perd van 'n ander kleur.

Die tweede van Sanesa se kernligas is aan die einde van verlede kwartaal afgehandel en die Parkies het uitstekend gevaar. Baie geluk! Die Insig sien saam met die ruiters na die derde liga wat op 13 en 14 April plaasvind, uit.

### Dresseer

| | |
|---|---|
| Vlak 0 | Dea Higgins (1ste). |
| Vlak 1 | Mieke vd Berg (2 x 1ste), Nadine Roux (6de), Michaela Gibbon (6de). |
| Vlak 2 | Annebell Pienaar (6de); Ziané vd Berg (2de). |
| Vlak 3 | Paige Durrant (2 x 5de). |

### Equitation

| | |
|---|---|
| Vlak 0 | Lisa Fouche (2de). |
| Vlak 2 | Jana Fouche (4de), Milan Brink (5de). |
| Vlak 3 | Lize Coetzee (1ste), Laylah Nel (3de), Libby Pienaar (4de). |
| Vlak 4 | Minke Kruger (2de), Avril du Plessis (5de). |
| Vlak 6 | Ziané vd Berg (2de). |

### In-hand Utility

| | |
|---|---|
| Vlak 1 | Dea Higgins (4de). |
| Vlak 3 | Lize Coetzee (2de), Ziané vd Berg (4de). |

### Performance Riding

| | |
|---|---|
| Vlak 0 | Dea Higgins (1ste). |
| Vlak 1 | Mieke vd Berg (1ste). |
| Vlak 5 | Ziané vd Berg (2de). |

### Prix caprilli

| | |
|---|---|
| Vlak 1 | Mieke vd Berg (2 x 1ste). |
| Vlak 5 | Page Durrant (2 x 2de), Chloe Durrant (2 x 3de). |

### Showjumping

| | |
|---|---|
| Vlak 0 | Lisa Fouche (3de en 6de). |
| Vlak 1 | Minke Kruger (1ste & 4de), Lize Coetzee (2de & 6de), Laylah Nel (3de & 5de), Milan Brink (5de & 6de). |
| Vlak 5 | Ziané vd Berg (3de). |

### Working Hunter

| | |
|---|---|
| Vlak 3 | Mieke vd Berg (1ste), Paige Durrant (2de). |
| Vlak 5 | Avril du Plessis (2de). |
| Vlak 7 | Ziané vd Berg (1ste). |

### Working Riding

| | |
|---|---|
| Vlak 0 | Dea Higgins (2de). |
| Vlak 1 | Nadine Roux (4de). |
| Vlak 3 | Lize Coetzee (3de). |

# GHOLF







## Menlo-gholfsensasie is die beste in SA

Staan opsy, Scottie, Rory en Jon, want Menlo se eie Schalk van Ettinger is op pad! Dié talentvolle graad 8-leerder het sy naamkaartjie en matriekgroet gedurende die vakansie vir 'n drywer en setyster verruil en die Nomads Gowrie Farm Challenge SA o. 15-kampioenskap gewen. Schalk het die baan wat berug is vir die uitdagende setperke getroef en tellings van 75/68/73 behaal.

Knap gedaan, Schalk!

# MENLOBOND



## Oud-Menloparker maak buiging in Superliga

Oud-Menloparkers sal Rolene Streutker as 'n raakvatter onder die doelpaal met 'n oog soos 'n skerpskutter onthou.

Die Melbourne Mavericks het hierdie uitsonderlike talent raakgesien en Rolene vir die Superliga opgeraap.

Dié professionele liga kan met krieket se IPL vergelyk word en vind in Australië plaas.

Dit is voorwaar 'n reuseprestasie om vir diens in een van die superligaspanne opgeroep te word en Menlo is trots op hierdie puik uitvoerproduk en Menlo-netbal-ambassadeur.

## Parkies spog met superkrag!

Die vakansie het die ideale geleentheid aan die Parkies gebied om hulle superkrag ten toon te stel. Die wet van swaartekrag is beproef, golwe is trotseer en opponente is vasgepen. Baie geluk aan die volgende Parkies:


Gideon Fourie het swaartekrag getroef. Hy is die land se enigste junior gimnas wat Suid-Afrika in Mei by die Afrika Junior Trampolienkampioenskap in Tunisië sal verteenwoordig.

Inge Lambrechts, Melinda Erasmus, Lino Fouche en Dieter Pienaar het golwe trotseer. Die viertal het aan die nasionale onderwaterhokkiekampioenskap deelgeneem. Inge en Melinda het elkeen 'n brons medalje verower, terwyl Lino en Dieter met silwer medaljes beloon is.

Het Lenerd van Schalkwyk vir Nelson beter te leer, of het Nelson vir Lenerd leer ken? Dié tergende vraag is na afloop van die Tallinn Stoei-Ope in Estland steeds onbeantwoord. Die feit dat die term, Half Nelson, verskeie kere by die toernooi gehoor is, bevestig die Insig se vermoede dat Lenerd die stryd gewen het. Die talentvolle stoeier het die vyfde plek in die kategorie vir o. 20-stoeiers verower en dit by die grootste stoeitoernooi in Europa! Knap gedaan! Die Insig wens vir Nelson 'n spoedige herstel toe.

Koffie, pap en wors! Ja, ons almal weet dis wat kamp so lekker maak. Kampe is gewoonlik sinoniem met luilekker kampvuurkuiers, maar vir 'n paar Parkies het kamp 'n heel ander betekenis. Clarisé van Niekerk, Janus de Villiers, Simeon Kruger en Isabel Skinner het die provinsie onlangs by die Suid-Afrikaanse Tweekampkampioenskap verteenwoordig.

Die Insig verneem dat koffie, pap en wors tydelik vir energiestafies verruil is, maar hoop dat daar darem tyd vir kampvuurkuiers ingeruim is.





# MARKPLEIN
















## TE KOOP

### ULTRAMODERNE GESINSWONING IN MENLOPARK

Indien u op soek is na 'n ruim en ultramoderne gesinswoning wat stapafstand van beide Menlo-skole is, is dié woonhuis vir u bestem.

Die drieslaapkamerhuis met 'n dubbelmotorhuis is boonop in die gesogte Menlo Koppie-sekuriteitsarea geleë.

Die onthaalarea kyk op 'n oefenswembad uit en daar is ook verrassings soos 'n groentetuin, kelder en instapkluis.

Kontak die eienaar (083 555 0944) indien u in hierdie eiendom belangstel.

